NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

19 April 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Predikante
Gemeenteskribas

**OMSENDSKRYWE NR 16/2024**

Geagte broers en susters

## KERKMUSIEK FEESVIERINGS

2024 is 'n baie besondere jaar in die geskiedenis van kerkmusiek. Vanjaar is dit 500 jaar sedert die heel eerste Protestantse liedboek, Maarten Luther se Agt Liedere-boek, in 1524 verskyn het. Wêreldwyd is daar feeste en publikasies wat die groot gebeure vier. Verder is dit die 80-jarige viering van die verskyning van die heel eerste Afrikaanse liedboek in 1944. Voor dit is die meeste kerkliedere hier ter plaatse steeds in Nederlands gesing.

Beide hierdie gebeure is iets wat feestelik ook in die gemeentes van die NHKA gevier behoort te word. Gemeentes/ringe kan 'n spesiale geleentheid daarvoor skep op die laaste Sondag van September (of op enige ander Sondag wat geleë sou wees). Daar is 'n spesiale feeslied (VONKK 543) ter herdenking van die gebeure geskryf. Hierdie lied word hierby aangeheg en hopelik reeds by die opening van die ringsvergadering gesing!

Sinodaal is daar reeds twee feeste waarvan die Kerk kan kennis neem, en waaraan gemeentes kan deelneem:

* 28 April 2024 om 15:30 by Gemeente Pretoria-Oos. Let wel dat daar kaartjies vir dié geleentheid verkoop word om die beskikbaarheid van plekke te monitor.

* 29 September 2024 by Gemeente Wonderboom-Suid. Dié geleentheid vind ten bate van die OTMT-sentrums plaas en daar is geen kaartjies nodig nie.

Beste wense,

*Wouter van Wyk*

**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JF van der Merwe***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za